# Braunvieh is 'n bobaasbees

Die Braunvieh is een van die mees onderskatte beesrasse in Suid-Afrika, maar dié alles-in-een-ras bied hope voordele.

Die Braunvieh is een van die oudste beesrasse ter wêreld en het sowat 100 jaar gelede sy verskyning in Suid-Afrika gemaak. Dit was toe bekend as die Bruin Switser.

Die naam is in 1996 na Braunvieh SA verander om 'n onderskeid te tref tussen dié bruin dubbeldoel-bees en rasegte Switsers. Braunvieh is ook die naam wat internasionaal gebruik word.

Die Braunvieh is 'n mediumraambees met meer klem op vleiseienskappe, maar dit het ook al die goeie dubbeldoeleienskappe.

Die Braunvieh word suksesvol in kruisteelprogramme gebruik danksy sy goeie moedereienskappe, melkproduksie, temperament, aanpasbaarheid en uitnemende groeivermoë. Rasegte en kruiskalwers word al hoe gewilder in voerkrale danksy die ras se vermoë om swaarder karkasse met die regte vetbedekking te lewer.

Uit 'n onlangse verslag van SA Stamboek het dit geblyk dat Braunviehbulle wat die fase C-groeitoets voltooi het, besonder goed gevaar het vergeleke met ander rasse.

Dit is nie moontlik om die speenkalfprys te verander nie, maar die speengewig-dubbeldoel kan wel verander. Maak die Braunvieh dus deel van jou toekomsplanne. **LBW**

NAVRAE: **051 410 0900/955**; web: **www.braunviehsa.co.za**; e-pos: **braunviehsa@studbook.co.za**

**RESULTATE WAT KRUISBEESTE LEWER**

**BRAUNVIEH-BORAN-KRUISOSSE**

| Nommer | Begingewig (kg) | Slaggewig (kg) | Koue gewig (kg) | Uitslag-persentasie | Klas | GDT (131 dae) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 23.07.2018 | 4.12.2018 | 4.12.2018 | | | |
| 5 | 350 | 615 | 361,2 | 58,73 | A2 | 1.807 |
| 6 | 330 | 575 | 328,5 | 57,,3 | A2 | 1.807 |
| 7 | 290 | 524 | 306,2 | 58,44 | A2 | 1.807 |
| 8 | 330 | 568 | 336,9 | 59,31 | A2 | 1.807 |
| 9 | 300 | 569 | 335,2 | 58,91 | A2 | 1.807 |
| 10 | 280 | 523 | 302,2 | 57,78 | A2 | 1.807 |
| 11 | 290 | 487 | 287,4 | 59,01 | A2 | 1.807 |
| 20 | 280 | 518 | 301,1 | 58,13 | A2 | 1.807 |
| 22 | 280 | 495 | 274 | 55,35 | A2 | 1.807 |
| 23 | 250 | 474 | 282,8 | 5,.66 | A2 | 1.807 |
| Gemiddelde | 298 | 534,8 | 311,55 | 58,245 | | |



Die Braunvieh lewer goeie resultate in die voerkraal.
FOTO: BRAUNVIEH-GENOOTSKAP


